Bronnie
Die The
Bronberger

fokus op die landelike leefwyse / focus on country living

Januarie/January 2022 Vol.20 No.5

gratis/free

012 734 0522 / 082 377 6807
info@bronberger.co.za
www.bronberger.co.za

Nou ook beskikbaar via WhatsApp en e-pos

Binne / Inside:

- Substasies laat duister hoogty vier – bl 8
- Rekords spat met oordadige reën – bl 13
- Die vreemde verskynsel van Valentyn – bl 16
- Houers vol hoop vir treurende ouers – bl 18
- 'n Onverwagte kuier by ou, nuwe plek – bl 26
- Companionship, loyalty without strings – p 28

V-TEK
CAR & TRUCK SERVICE CENTRE

CK2004/113450/23

Castrol AUTO SERVICE

Right to Repair
It's your choice!

Taking SERVICE to another LEVEL

We specialize in:

Major services and cambelt kits. | Auto electrical components and fault finding.
Aircon system repairs and regassing. | Clutch kit replacements.
Shock absorbers replacement. | CV joints and suspension.
Starters & alternator service and repairs. | Computer box testing and repairs.
Service while you wait, enjoying a fresh espresso coffee, by appointment only.
- Key programming, new keys with remotes.

Service
320i / 320d / 323i
330i / 330d / E90
R2 650,00

Service
Prado / Fortuner
Landcruiser /
D4D Hilux
R2 450,00

Service
Ranger 2.2 / 3.2
R2 450,00
Fiesta / Figo
R2 150,00

Service
C180 / C200
C220 / C320
A180 / B200
R2 650,00

Service
Amarok **R2 450,00**
Polo Vivo **R2 350,00**
Cambelt Kit
R3 895,00

Service
Discovery 3 & 4
R3 850,00
Cambelts
R13 850,00

All prices include parts and labour but excludes VAT amount

ALL VEHICLES WILL BE DISINFECTED WITH CHEMICALS THAT COMPLY WITH THE NATIONAL REGISTRATION REQUIREMENTS FOR NRCS, SABS AND SANAS – FREE OF CHARGE.

Owners: Vince, Costa and Charmaine
Vince and Costa each having over 30 years experience in the motor trade industry.

012 803 4021 | *Vince* ***082 382 6924***
Costa ***083 456 7077*** | *Charmaine* ***072 632 1447***

On customer request we collect and deliver vehicles.
Managed by Owners ***Since 2004***.

PLOT 50 GRAHAM ROAD, LYNNWOOD ROAD EXT, SHERE, PRETORIA EAST

miwa
GRADED WORKSHOP
Awarded to
V-Tek Service Centre & Auto Ice
Membership Number
4002226
5-STAR GRADED WORKSHOP
11 May 2021
MIWA - MOTOR INDUSTRY WORKSHOP ASSOCIATION
Proud Association of RMI

PORSCHE · CHRYSLER · RENAULT · NISSAN · SUZUKI · KIA

---

inyati
Turnkey Mining & Drilling Solutions

Water Pump Group
sustainable reliable solutions

PROFESSIONELE EN OMVATTENDE WATERVOORSIENING

- Geo-hidrologiese water opnames
- Boor van watergate
- Boorgat opbrengs toetse
- Water analise
- Filtrasie sisteme
- Verskaffers van son- en krag aangedrewe pompe
- Besproeiing stelsels
- Vervaardiging van HDPE, LDPE en PVC pype

BESOEK ONS WINKELS VIR AL JOU BENODIGHEDE EN PROFESSIONELE DIENS

RAYTON
Inyati Drilling
Plot 69
Boschkop
Pretoria

www.inyatigroup.co.za
ane@inyatigroup.co.za

012 940 0507

RAYTON
WPG Rayton
Jan Ellis Winkelsentrum
H/v R515 & N4
Rayton

PRETORIA OOS
Pretoria Oos
1267 De Villebois Mareuil
Moreletapark
Pretoria

www.waterpumpgroup.co.za
admin@waterpumpgroup.co.za

012 940 0511

Bronberger Januarie/January 2022

012 734 0522

Redaksie, Verspreiding, Eienaar-uitgewers

Gerhard Kleijn 082 377 6807
gerhard@bronberger.co.za

Angie Kleijn 012 734 0522
info@bronberger.co.za
WhatsApp/Telegram: 083 959 1016

Advertensie: Navrae en Bespreking

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in ***Die Bronberger***. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in ***Die Bronberger*** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 012 734 0522 of 082 377 6807 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za. Besoek www.bronberger.co.za.

Tania 072 089 0227
tania@bronberger.co.za

Hannes 072 992 5440
hannes@bronberger.co.za
Rayton, Cullinan, Bronkhorstspruit

Uitgegee deur: Die Bronberger, Posbus 92366, Mooikloof, 0059 Tel: 012 734 0522;
Sell: 082 377 6807; Faks: 086 650 7860
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepoortstraat 318, Silverton

Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes
Tel: 012 734 0522 Sell: 082 377 6807

Verspreiding / Distribution: Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei:
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Pienaarspoort, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspruit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Menlyn, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.

Kopiereg
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.

Bladuitleg
Jeanette 083 258 2665
jeanette@bronberger.co.za
Vintage Graphic Designs

Toestemming gevra

Adry Stolk van Equestria:
Ek behartig ons aftreeoord, Equestria Village Retirement Centre, se maandelikse nuusbrief, 'Uit die perd se bek'. Graag verneem ek of ek julle artikel oor die Lydia-opstal in Lydiana – 'Bokwagtertjie trap diep spore tot voorstad na sy herehuis vernoem word', verskyn in ***Die Bronberger*** van Maart 2021 – kan gebruik. Ek sal na julle as bron verwys.
Die rede hoekom ek dit wil gebruik, is dat my broer vir net meer as 'n maand getroud was met Dalene Grobler, wat ongelukkig skielik oorlede is aan 'n massiewe aneurisme. As gevolg van haar dood is die huis nou in die mark. Ek bemark nie die huis nie, maar gebruik dele van julle artikel, wat vir die inwoners interessant mag wees, veral omdat my broer in hierdie oord woon en aan die mense bekend is.
*Ons het Adry laat weet dat hulle welkom is om die artikel in die oord se nuusbrief te gebruik met verwysing na **Die Bronberger**. – Red*

Destydse minister Piet Grobler het Huis Lydia in die voorstad Lydiana, na sy vrou, Lydia, vernoem

Want 'Boere James Bond' in English

Alvaro Peres writes:
I am Portuguese and very interested in the history of the south of Africa, in particular of the countries on the coast of the two oceans, Mozambique and South Africa. I lived in Mozambique for 16 years and have now been in South Africa for the last forty seven years, so these two countries' history is especially important to me.
In your issue of August 2014 there was an article in Afrikaans (which I don't speak) entitled 'Boere James Bond' and I would like to know if you can provide that article and if you have an English translation, it would be most appreciated.
*Thanks for your interest in **The Bronberger** magazine. Unfortunately we don't have English translations of our Afrikaans articles. However, you are welcome to read the article on our website, www.bronberger.co.za, and then ask Google Translate to translate the Afrikaans text to English or Portuguese for you. – Ed*

Op Emily se spoor

Betsie Steyn van Kleinfontein:
In my matriekjaar (1966) in die Handelskool in Pretoria, het ons Engels by 'n ouerige, maar baie knap, onderwyseres gekry. Sy was mev EH Bührman (gebore 1909). Ek het gehoor haar kollegas noem haar Emily.
Later sou ek die storie van haar naam by haar hoor. Emily se pa was Friedrich Carl Niemeyer en haar ma Sara Jacoba Rebecca Rachel Niemeyer. Sy is Emily Hobhouse gedoop, want haar ma was die geskiedkundige Engelse vrou se boesemvriendin en hulle twee het 'n lang pad in die Anglo-Boere-oorlog in Suid-Afrika geloop. Sy het ter ere van die beroemde vriendin haar dogter na dié vrou vernoem.
Emily was getroud met Willem Hendrik Bührman, seun van die Boereheld, Hendrik Theodoor Bührman. Die plekkie Buhrmansdrift in Noordwes is ook na hom vernoem.
Toe ek ná matriek by Perskor se koerant in Pretoria ('Hoofstad') gewerk het, het ek 'n artikel oor haar gedoen en haar by haar woonstel in Sunnyside vir die onderhoud besoek. Ek wou dit spesifiek dáár doen, want ek wou foto's neem – ek het gehoor van haar besonderse antieke meubels. Tannie Emily het ál haar naamgenoot se meubels geërf wat sy in Suid-Afrika gehad en gebruik het. Die foto wat ek van haar by 'n kassie geneem het, was baie interessant: dit het ook 'n geheime laaitjie gehad met die Engelse heldin se dokumente en kosbaarhede in.
Ek het die inhoud nooit gesien nie – sy wou dit nie oopmaak nie. Ek het dit weens veiligheids- en sentimentele redes ook nie destyds in my artikel genoem nie – ons was bang dit word dalk gesteel! Maar wat 'n belewenis vir my. Ek wonder wat daarvan geword het?
Ek het ongelukkig nie 'n afskrif van die artikel en foto's wat op 20 Augustus 1969 in 'Hoofstad' verskyn het nie. Ek kan ook nie by die Staatsbiblioteek in die stad uitkom nie, anders kon ek dit gaan opsoek. Dink julle 'n mens sal dit kan opspoor? Het julle dalk 'n kontak wat dit kan gaan soek?
*Lesers wat dié artikel kan gaan opsoek, is welkom om **Die Bronberger** te kontak by info@bronberger.co.za of 012-734-0522. – Red*

Onwettige Nuwejaar

Eus de Clerk van Cullinan:
Die aflope tyd was daar volop boodskappe op sosiale media en elders oor die onwettige afvuur van vuurwerke met baie voorskrifte en maatreëls wat gevolg moet word.
Dis tipies 'n geval van "preaching to the converted" – geplaas deur mense wat voorgee dat hulle belangrike inligting, en 'n noodsaaklike diens, aan die publiek verskaf. Maar dit daar gelaat . . .
Die bomme en klappers het op Oujaarsaand en daarna weer hoogty ge-"vuur" in die gebied. Dit, nadat die eienaars van troeteldiere só mooi gevra het dat dit nie gedoen moet word nie.
Dit sal insiggewend wees om te weet hoeveel mense hier in die omgewing gearresteer is vir die afvuur van onwettige vuurwerke.
En sal dit nie gaaf wees as die metroraad hierdie inligting kan voorsien nie?
Brief aangepas. – Red

Tyd is haastig

Charles Thompson van Boekenhoutskloof:
Wel, aan my vriende op 1 Januarie. Sover was 2022 toe nie te sleg nie. So, geniet maar sy laaste paar dae in liefde, vrede en geluk. Wees

Na bladsy 6

Ons voorblad

Die ganse gebied se grondpaaie het met die onlangse 'groot' reëns in poele, plasse en stroompies verander. Dié rare blou-lug-sonskyndag vroeg in Januarie is deur Laurika van der Linde by die Rhenosterfontein-wildplaas afgeneem.

Welkom in 2022!

Welkom by die heel eerste uitgawe van die Bronnie in dié nuwe jaar. Dit is 2022 en ons is eindeloos dankbaar vir die voorreg om te kan uitsien na ***Die Bronberger*** se 20ste bestaansjaar in 'n bepaalde gebied waar 'n baie besonderse gemeenskap ons verwelkom en van meet af aan deur ongekende aanvaarding en meelewing aangespoor het.
Die harte loop ook oor van dankbaarheid vir elke adverteerder wat deurgaans die lewensbloed van dié gratis, onafhanklike gemeenskapsblad was en is. Dankbaar ook natuurlik daaroor dat dié advertensies werk, juis omdat die Bronnie se lesers oor 20 jaar heen iets baie belangriks besef en ervaar het: Geloofwaardigheid is uiters belangrik. Om te kan glo wat jy lees, of nie, raak ongelukkig deesdae toenemend en jammerlik op die wyer front 'n onsekere dobbelspel.
Waar ons gereed staan om die nuwe jaar met geesdrif, vertroue en oorgawe storm te loop, bly ons deeglik bewus van die ongekende uitdagings wat reeds die afgelope paar jaar die lewenspad saam met ons almal stap en in alle waarskynlikheid nie sommer sal loop lê om sake sonder 'n paar dinge in die drinkwater te laat voortvloei nie. Trouens ons, en ons glo die meeste van ons oopkop-lesers en adverteerders ook, is slaggereed om dié duistere waters saam te toets en te help suiwer van snert en selfsug.
Nuwejaarsvoorneme kan en wil ons dit nie noem nie, maar die Bronnie se doelstelling en wens vir ons en die mense wat dié gebied met ons deel, het oor bykans 20 jaar se vreugdevolle volharding nie veel verander nie.
Ons neem ons voor om vanjaar weer skerp te fokus op 'n aantal klein jakkalsies wat die Bronberg-wingerd verniel en ook op die groter buffels wat dreig om die ganse oes te vernietig. Ons onderneem om die Bronnie as vanghok en verdowingspyl in te span teen dinge wat pla, maar ook om te fokus op die positiewe, die suksesverhale en op die mense wat 'n verskil maak.
Omstandighede het die afgelope paar maer-jare natuurlik dikwels onverwags verander en aanpassings was noodsaaklik. Maar die doelstellings en drome het rotsvas bly staan: 'n Onafhanklike mondstuk ter inligting en bevordering van die gemeenskap en hulle belange in die groter Bronberg-gebied in die ooste van en ten ooste van Pretoria.
Aan die plus-kant het die 'maer jare' ons gedwing om ons ook bykomstig tot die elektroniese opsie te wend en sodoende is derduisende nuwe Bronnie-lesers 'gewen'. Baie welkom!
Die fokus bly ook vanjaar gerig op die landelike leefwyse, die bewaring van die omgewing, die beskerming van die gebied en sy mense teen uitbuiting, korrupsie en teen obskure karakters met verdagte motiewe. Ons bly deurgaans onafhanklik met geen verbintenis aan enige politieke party of ander korporatiewe of idealistiese organisasie nie.
Die jaar bring ook sy eie nuwe uitdagings. In opregte dankbaarheid en met geesdrif sien ons daarna uit om ons gewaardeerde lesers en adverteerders ook in 2022 met leesgenot van gehalte en geloofwaardigheid te voorsien. Hef aan!

Om jou Bronnie maandeliks elektronies te kry, stuur die versoek met jou naam en van en die omgewing waar jy woon na info@bronberger.co.za. Stuur 'n dergelike versoek per WhatsApp na 083-959-1016 om die elektroniese uitgawe op WhatsApp te ontvang. Dit is gratis.

Briewe/letters . . .

– vanaf bladsy 5

soet, wees lekker, wees sommer net soos jy wil wees, en geniet 'n lekker draairoomys op my. (In retrospek . . . daar gaat my gedagtes weer. Maak dit saam met my.)
Tyd is haastig. Gou paar goed doen voor volgende Oujaar . . .
Cheers.

Het iemand my pa gesien?



Kallie Dippenaar

Mary Botha van Kleinfontein:
My pa, Hercules Jakobus Dippenaar, genoem Kallie, is doofstom en vermis sedert die begin van Covid – einde April 2020.
My pa het by my gewoon op Kleinfontein. Hy het die dag saam met my broer Pretoria toe gegaan. Hy wou met die trein Johannesburg toe gaan en was laaste deur 'n vriendin en haar seun in die Bertrams-area in Johannesburg gesien. Hulle is ook doofstom.
Niemand kon hom opspoor nie. Hy het selfmoordneigings en het ook demensie. Hy verdwyn gewoonlik twee weke na sy pensioen. Maar almal by wie hy gaan kuier het, het hom nog nie weer gesien nie.
Hy was 76 jaar oud toe hy verdwyn het, is 1,7 meter lank en het 48 kg geweeg. Hy het sy blou kerk-hemp en donkerblou seil-baadjie aangehad. Hy is as vermis by die polisie aangegee. Sy saaknommer by die Bronkhorstspruit-polisiestasie is Mas1/04/2031 Sirkulasie 2021 m 1369.
As jy inligting het, kontak die SAPD Bronkhorstspruit by 071-612-1937 of die Pink Ladies by 072-214-7439 of 083-378-4882 of 08600-10111 of e-pos: missing@pinkladies.org.za.

Seënwense vir die nuwe jaar

Louise Smit van Pretoria-Noord:
Goeie dag, hiermee ons beste wense vir 'n pragtige en voorspoedige nuwe jaar vir die redaksie by ***Die Bronberger***. Mag julle van krag tot krag gaan. Dankie ook vir die pragtige Kersfees-uitgawe. Seënwense vir die nuwe jaar.

Soek storie oor fietsryers

*Koos Jooste met sy fiets, soos verskyn in **Die Bronberger** van Maart 2014*

Pieter Strobos van Pretoria:
Dankie vir julle baie spesiale streekblad!
Ek is op soek na 'n berig wat geplaas is oor die fietsrit vanaf Pretoria / Johannesburg na Kaapstad deur 'n paar mense so in die omgewing van 1900.
Ek kry dit ongelukkig nie met die soekmasjien op ***Die Bronberger*** portaal nie. Dit gaan oor 'n paar fietsryers wat met fietse tussen Pretoria en Kaapstad gery het in ongeveer sewe tot 10 dae met fietse sonder die moderne ratstelsels.

***Die Bronberger* antwoord:**
In Maart 2014 het ons in 'Boerekryger Koos word Duitsland se eerste motiveringspreker' geskryf dat Koos Jooste in 1893 sy vriend, Andries de Wet, vir 'n fietswedren van Pretoria na Kaapstad uitgedaag het.
Klaarblyklik sou die man wat wen 'n goue pond in sy sak kon steek. Koos het sy fiets 'De Wolf' genoem en dit het hom en sy yster-wolf slegs agt dae, 22 uur en 49 minute geneem om Kaapstad te bereik.
Hy het vertel hoe hy gras in sy fiets se pap wiele mos stop, hoe hy oor riviere geswem het en snags onder die sterre geslaap het.

Vrae oor verlate leeu-beeld

'n Foto van die verlate leeu-standbeeld

Susan Larney skryf:
Goeie dag, ek sou meer inligting wou hê oor die verlate leeu-standbeeld in die veld langs Monumentpark Uitbreiding Twee.

Die beeld van 'n leeu, wat lyk of dit uit sandsteen gekap is, is op 'n verlate stuk grond as 'n mens ingedraai het by die verkeerslig by Waterkloof Lugmagbasis in Veldpoustraat.
Ons hoor dat die beeld in die Tweede Wêreldoorlog deur Italiaanse Krygsgevangenes gemaak is. Die gebied is glo verlate omdat daar sinkgate ingeval het. Dit lyk of daar springbokkoppe weerskante van die afkorting, CMB, is. Die SA Infanterie se kenteken was 'n springbokkop. Lesers wat meer hieroor weet kan vir ons 'n e-pos te stuur na info@bronberger.co.za of ons bel by 012-734-0522. – Red

Eendeweer

Die uitdrukking 'regte eendeweer' het ware gestalte aangeneem toe Annecke Powell van der Linde dié toneel donkernag op die Forfar-grondpad raakgeloop het. Twee geelbekeende het hulle by die nuwe 'dam' in die middel van die pad tuisgemaak

Hoekom substasies mense in duister laat

Die herbou van die Wapadrandse elektriese substasie sal na verwagting in die eerste kwartaal van die jaar begin en sal ten minste 18 maande neem om te voltooi. Dié substasie het op 10 Julie 2018 aan die brand geslaan.
Groot dele van Pretoria-Oos, insluitende Wapadrand, Equestria, Silver Lakes, Six Fountains, Faerie Glen, Olympus, Boardwalk, Lombardy, Tygerpoort, Zwavelpoort en Donkerhoek, was weer vir 'n week sonder krag ná 'n brand die nag van 17 Julie 2021 by dié substasie uitgebreek het.
Die Rosslyn-substasie het op 16 Augustus verlede jaar aan die brand geslaan. Van die gebiede wat kragloos gelaat is, was Akasia, Amandasig, Theresapark en Florandia.
Op 1 Desember verlede jaar het die Mooikloof-substasie aan die brand geslaan en 'n groot deel van Pretoria-oos was vir bykans twee weke sonder krag. Kragtoevoer is in fases herstel en die Pretoria Oos-hospitaal, Mooikloof Ridge-landgoed, Woodhill-landgoed, The Wilds-landgoed, dele van Pretoriuspark en die oorblywende dele van Moreletapark het eers op 12 Desember weer krag gekry.
Die Mooikloof-substasie het in Mei 2017 ook aan die brand geslaan.
Knap voor Kersfees het die Kloofsig-substasie gebrand en baie huise en sake-ondernemings in Centurion is in die duister gelaat.

Brand

Daar is baie moontlike redes gegee hoekom soveel substasies aan die brand geslaan het. Energie-deskundige, Chris Yelland, gee agtergrond oor een daarvan – die feit dat toerusting nie op standaard is nie en nie goed genoeg onderhou word nie.
Transformators en die oorgrote meerderheid van ou stroombrekers gebruik olie binne-in die toerusting as insulasie en verkoelingsmedium en dié olie is vlambaar. Moderne toerusting gebruik nie meer olie nie oor die veiligheidsgevaar.
Olie kan besmet word deur vog en ander besmettingsmiddels soos stof of grond wat in die olie beland. Wanneer dit gebeur, versleg die olie se isoleervermoë. Die olie moet vervang word en onderhoud moet aan die stroombrekers en transformators gedoen word.

Wapadrand

Vroeg in Januarie het Stad Tshwane woordvoerder, Selby Bokaba, aangekondig dat die kontrakteur vir die Wapadrand-substasie herbouing vir 'n tydperk van drie jaar aangestel is, maar nog na die konstruksie-perseel moet gaan. Voor die kontrakteur kan begin werk, moet Tshwane eers 'n permit van die nasionale regering kry.
Die aanstel van veiligheidsagente moet nog deur die departement van arbeid goedgekeur word en die bestuurskomitee is nog op soek na 'n gemeenskapkoördineerder. Die bestuurskomitee het volgens raadslid vir wyk 85, Jacqui Uys, reeds een keer vergader, maar het nog nie 'n vergadering met die kontrakteur en die munisipale amptenaar gehad nie.

Herstelwerk aan die Mooikloof-substasie in Desember 2021

In Junie 2021 het ***Die Bronberger*** berig dat die metroraad se hoof van personeel, Jordan Griffiths, bevestig het dat die metro uiteindelik die R77 miljoen versekeringsuitbetaling vir skade in die 2018 brand, ontvang het.
Hoekom het dit so lank ná die versekeringsuitbetaling geneem om die tenderproses vir die herbou van die substasie aan die gang te sit? Phillip Nel, burgemeesterskomiteelid vir nutsdienste by die Tshwane-metroraad, het verduidelik dat regulasies bepaal dat nuwe projekte nie in die verloop van 'n finansiële jaar begin mag word nie. Jacqui het gesê dat die Wapadrand-tender aan die begin van November verlede jaar uitgereik is. Sy het gesê dat die kleinste deel van die werk op die perseel self is. Die res van die werk behels die gereedkry van al die permitte en die bestel van toerusting.
Dié proses het volgens Jacqui reeds begin. Sy sê dat die toerusting reeds bestel is, maar dat die vervaardiging daarvan tussen agt en 10 maande kan neem.

Hoe berei 'n mens voor vir 'n krisis?

Armand Olivier

Armand Olivier, woordvoerder van Dinamika, sê die volgende:

Ek dink ons almal verstaan hoe gou 'n krisis op 'n mens kan afkom en ek dink baie van ons het besef dat ons nooit werklik 'n plan in plek gehad het om so krisis te oorkom nie. Die van ons wat wel spaargeld gehad het, kon dit makliker hanteer, maar hulle is heelwat armer juis omdat hulle in hulle spaargeld moes gaan delf om hulle deur hierdie pandemie en krisis te dra.

Daarom is dit belangrik om 'n krisis by jou beplanning in te sluit. Dit is dikwels moeilik om vir 'n krisis te beplan, of om korrek te beplan omdat dit gewoonlik baie onverwags is, en ons ook nie heeltemal die impak kan bepaal wat so krisis soos die afgelope pandemie op ons finansies sal hê nie.

Maar een ding is seker, dat as ons nie gaan begin beplan daarvoor nie, ons 'n groot risiko loop. Een plan is baie beter as geen plan.

Kom ons kyk na meer reëls wanneer ons vir 'n krisis voorberei:

'n Krisis word gedefinieer as 'n tyd van intense moeilikheid of gevaar en word dikwels geassosieer met 'n tyd wanneer moeilike of belangrike besluite vinnig geneem moet word. Dit is dus noodsaaklik om te kyk na alle opsies. Dit kom gewoonlik in vele vorme.

Versekering speel hier 'n baie belangrike rol.

Ondersoek jou polis om te bepaal hoeveel jou versekering sal uitbetaal en waarvoor – polisse verskil dikwels. Aktiwiteite van die daaglikse lewe is dikwels 'n oorweging wanneer die omvang van uitbetalings bepaal word en dit is van kritieke belang om die fynskrif vir enige uitsluitings te ondersoek. Dit is 'n bedryfsnorm dat selfmoord binne 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van die polis nie gedek sal word nie. Daar kan 'n wagtydperk wees waartydens die polis dalk nie uitbetaal nie; hierdie geld sal egter baie help om vir dinge soos verpleegsorg of prostetika te betaal. Moontlike behandelings in die buiteland wat nie plaaslik beskikbaar is nie, kan uit die opbrengs van hierdie eise gefinansier word.

'n Gereelde fout is om eers jou begunstigdes te oorweeg, in plaas van jouself. Om geld in jou boedel aan geliefdes na te laat is edel, maar moet nooit toelaat dat dit jou eie behoeftes ondermyn wanneer jy jou daaglikse lewenskoste in ag neem nie. Om te dink oor hoe lank jy sal lewe, nie hoe gou jy sal sterf nie, behoort 'n konstante herinnering vir jouself te wees.

Spaargeld speel 'n minder belangrike rol hier, maar versekering bly die primere roete om te neem aangesien jy 'n premie kan betaal, wat vir jou die nodige dekking sal bied wanneer iets skeefloop.

Dit is daarom baie belangrik om met jou raadgewer saam te werk om te bepaal of jy die nodige voorsiening het, sou 'n krisis tref.

Dinamika kan sorg dat jy die nodige balans ten opsigte van jou risiko's en beleggings kan handhaaf!

Dinamika bied die volgende dienste aan kliënte:

- Lewens- asook korttermynversekering.
- Beleggings: Binnelands sowel as Buitelands.
- Aftree beplanning en voorsiening.
- Testament en boedelbeplanning.
- Afhandeling van boedels.

Besoek gerus ons webwerf by www.dinamika.co.za of skakel ons nommer 086 184 6644.

Meneer Olivier kan ook direk gekontak word by 078 459 3102.

Dinamika is 'n geregistreerde Finansiële Dienste verskaffer met lisensie nommer 46494.

Dinamika FINANSIËLE DIENSTE

Muggies bring siektes ná baie reën

Die Elandsvlei Bewarea naby Bapsfontein het op 3 Januarie 'n waarskuwing uitgestuur oor die geweldige hoeveelheid muggies, wat weens die aanhoudende reën uitgebroei het. Dié muggies dra siektes oor soos Afrika Perdesiekte, bloutongsiekte en episoötiese hemoragiese siekte virus (EHDV) EHDV is, net soos die bloutong- en Afrika Perdesiektevirus, ook 'n orbivirus. Bloutongsiekte is 'n nie-aansteeklike, insek-oorgedraagde virus wat voorkom by herkouers, veral skape en minder gereeld by vee en wildsbokke.
Dit word veroorsaak deur die Bloutongvirus (BTV), wat deur Culicoides-muggies soos *Culicoides imicola* en *Culicoides variipennis* oorgedra word.
Die virus wat perdesiekte veroorsaak is die orbivirus van die rioviridae-familie. Daar bestaan nege stamme of serotipes in die perdesiekte-familie. 'n Perd kry die virus as hy deur 'n besmette wyfie-muggie gebyt word. Dié virus is nie aansteeklik nie, maar oordraagbaar. Een perd kan nie by 'n ander perd aansteek nie, omdat die virus slegs deur insekte oorgedra word. As 'n perd deur 'n besmette muggie gebyt word, vermeerder die virus vinnig in die bloedstroom en heg aan die rooibloedselle, wat aan die begin 'n verdikking van die bloed veroorsaak.
Die liggaam skei natuurlike stowwe af om die virus teen te werk. Dit veroorsaak die verdunning van die endoteel-weefsel van veral die longe en hart, wat na die vier verskillende vorms van die siekte lei: Perdesiektekoors (die ligste vorm); dikkop (hartvorm); dunkop (longvorm); en gemengde vorm ('n kombinasie van die dikkop en dunkop-vorms). Die inkubasietydperk is vyf tot sewe dae, afhangend van die verskillende vorms.
Perdesiekte moet aangemeld word en telers en private veeartse word onder die Wet op Dieresiektes (Wet no35 van 1984) verplig om staatsveeartse van uitbrake te laat weet. Inenting is jaarliks tussen Junie en Oktober.
Die muggies is laatmiddag en vroeg in die oggende aktief. Daarom word perde-eienaars aangeraai om hulle perde twee ure voor die son sak stalle toe te neem en hulle eers twee ure ná sonsopkoms uit die stalle te laat. Skakel alle ligte in en om die stalle af en probeer openinge met 80% skadunet bedek. Spuit jou stalle gereeld met insekbeheer-dipstowwe en installeer waaiers in die stalle. Die muggies is kleiner as 1 mm en sukkel om in bewegende lug te vlieg.
Spuit perde met geregistreerde dipmiddels vir perde, soos middels wat piretroïede bevat.

Die Culicoides muggie
Foto: Verskaf

Nag van dood

Diereliefhebbers van dwarsoor die Bronberg-gebied berig dat Oujaarsaand een van die ergstes ooit was. Ten spyte van munisipale regulasies is vuurwerke wild en wakker afgeskiet.
Wet Nose Diereskuiling op Vaalbank het op 31 Desember gesê, "Vanaand is een van die nagte wat ons as diereliefhebbers vrees". Die skuiling het gevra dat mense vooraf moet planmaak om hulle diere veilig te hou.
Tog is dit nie net troeteldiere wat op Oujaarsaand die spit afbyt nie. Die Johannesburg Wildlife Veterinary Hospital het berig dat die getal wilde diere wat hulle op 1 Januarie weens vuurwerk-verwante beserings moes uitsit, skrikwekkend was. "'n Dag van die dood, om dit sagkens te stel."
Hulle sê dat hulle gewoonlik een tot drie dae ná vuurwerke beserings sien van voëls en selfs vlermuise wat in geboue en vensters vas vlieg en verlore wilde diere wat van die harde ontploffings af probeer weghardloop. Wilde diere toon ongewone optrede in hulle poging om van die geraas af weg te kom en doen ernstige beserings op.
Dié hospitaal verduidelik dat vuurwerke glad nie dieselfde as 'n donderstorm is nie. Diere weet lank voor die tyd dat 'n storm op pad is – hulle kan baie beter hoor as ons en kan 'n verandering in lugdruk aanvoel.

Die Johannesburg Wildlife Veterinary Hospital het dié foto ter illustrasie gebruik om te wys dat wilde diere ook paniekerig raak en beseer word wanneer vuurwerke afgeskiet word
Foto: Ashleigh Pienaar

Vuurwerke is egter onverwagte en onnatuurlike harde geluide. Dit veroorsaak vrees en disoriëntasie en wilde diere probeer daarvan wegvlug; soms sonder om ooit weer hulle skuilings te vind. Voëls en kleiner soogdiere verlaat baie kere hulle neste en hulle weerlose kleintjies bly alleen agter.

Groot reën omskep gebied se grondpaaie in waterlope

Die milde reën het ons gebied se grondpaaie in strome, poele en plasse omskep. Laurika van der Linde se kamera-lens wys hoe wolke in dié poele weerkaats, hoe die sonsondergang die paadjies in 'n rooskleurige prag omskep en hoe groen die wêreld rondom dié plaaspaadjies omgetower is.

Wolke weerkaats in 'n Elandshoekse plaaspaadjie

'n Stroompie loop langs 'n grondpad op Elandshoek

'n Tweespoorpaadjie buite Rayton

Die sonsondergang kleur die waterdeurdrenkte paadjie na dié Elandshoekse opstal pienk in

Net inwoners durf dié Rhenosterfontein-pad aan



'n Kronkelpaadjie bo-op Diamond Hill

Emma Koekemoer het dié foto op 'n wildsplaaspaadjie in die omgewing geneem

Dié plaaspad buite Bronkhorstspruit wys duidelik dat dit hier goed gereën het

Dit wat eens 'n grondpad was

Reën sorg vir sopnatste Desember

Hoeveel het dit van 1 tot 31 Desember in ons kontrei gereën? Volgens 'Reënval in SA' se maandtotale vir Desember 2021 het ons 'n rekord-Desember geniet. Ons wys hier hoeveel reën deur verskeie mense in verskillende gebiede van Bronbergland gemeet is.

Faerie Glen: Stephan Terblanche het 238 mm gemeet, die tweede hoogste sedert 1989. Hy sê dat die gemiddelde maksimum temperatuur van 26,6°C in Desember die koelste die afgelope 10 jaar was. In 2015 was dit 33,4°C.
Irene van den Berg het 265 mm in Faerie Glen gemeet en Antoinette Booysen 239 mm.
Die Wilgers: Jokie Wesseloo-Van Aartsen het 277 mm gemeet en sê dit is meer as dubbel hulle gemiddeld vir Desember, soos oor meer as 40 jaar in dié gebied gemeet.
Wapadrand: Johan Basson het 246 mm gemeet.
Moreletapark: Hannelie le Roux het 245 mm gemeet. Ettienne Snyders in Uitbreiding Vyf het 234 mm gemeet.
Garsfontein: Wally Alexander het 234 mm gemeet. Da-Ina du Randt het 244 mm gemeet.
Zwavelpoort: Amelia en Willoughby St Leger Denny het 287 mm gemeet.
Tierpoort: Pienaar Lochner het 250 mm gemeet. Lizette Riekert het 237 mm gemeet.
Bashewa: Maretha Schoeman het 204 mm gemeet.
Mooikloof: André Louw het 259 mm gemeet.
Mooiplaats: James Gregory het 214 mm 2 km oos van die Boschkop-polisiestasie gemeet.
Rietvlei View: Frans Schutte het 221 mm gemeet.
Bronkhorstspruit: Marié Smit het 232 mm op die dorp gemeet. Nicolaas Jacobs het 193 mm net buite die dorp gemeet.
Rayton: Steven Rouvoet het 258 mm gemeet.
Cullinan: Gerda Burke het 209 mm gemeet. Danie Clasie Claasen het 231 mm gemeet.

Het jy gehoor? Have you heard?

Teen die Bronnie se spertyd was die onderstaande gebeure vir die datums wat genoem word, beplan. Inperkingsregulasies mag veranderings tot gevolg hê.

Asbos-teater maak ná jare uiteindelik weer oop – dié keer by 'n heel nuwe perseel op die Tierpoort-kleinhoewes. Mathys Roets en Piet van Wyk de Vries verwelkom teatergangers op 5 Februarie om 7 nm by Klitsgras, plot 62, langs die Excel Tierpoort-motorhawe in Garstfonteinweg-verlenging. Van Leonard Cohen se hartseer wals, tot by Madelein Madelein, vat Mathys en Piet toeskouers op 'n reis deur hulle musieklewens. Hulle gaan ook die stories vertel van hoe hulle paaie in musiek gekruis en vervleg geraak het. Kaartjies kos R150. Bespreek by http://tickets.tixsa.co.za/event/asbos-heropen of skakel 082-564-0999.

Draf-in-die-nag op 26 Januarie by Rietvleidam in 'n 2 km (R55), 5 km (R85) en 10 km (R105) wedloop aangebied deur Revolution Trails. Kaartjies is aanlyn te koop by www.revolutiontrails.co.za. Kaartjies sal ook op die dag self te koop wees teen R25 ekstra, behalwe vir kinders onder 13 jaar oud en volwassenes ouer as 60 jaar, wat slegs R30 betaal om deel te neem. Deelnemers kan tussen 5 nm en 7 nm registreer en begin draf. Vir meer inligting skakel 083-264-3931.

Die oop dubbeldekker partytjiebus vier Valentynsdag op 14 Februarie vanaf 5 nm. Gaste ontmoet mekaar by Hennies Pub op die hoek van Rubensteinrylaan en Garstfonteinweg, Moreletapark. Geniet jou eie drankies op die bus op pad na Kantoor Pub op Tierpoort, waar sosaties, boerewors, pap, 'n broodjie en slaai geniet gaan word voor die dans begin. Die bus vertrek terug na Moreletapark om 10 nm. Die koste is R200. Vir verdere navrae, bel Johann by 083-432-9052.

Fatman tree op 5 Februarie vanaf 6 nm op by Dorptoe, Mulderstraat 22, Bronkhorstspruit. Kaartjies kos R150 vir volwassenes, R100 vir kinders onder 18 en R25 vir kinders onder 10 jaar oud. Vir meer inligting, bel Hannes by 084-553-2324 of Marcelle by 063-811-4169 of stuur 'n e-pos: info@dorptoe.org.

A Sip and Paint Day will be held on Saturday 12 February from 9.30 am at plot 78, Vaalbank, Old Bronkhorstspruit Road, opposite Wet Nose. The price is R350 and includes coffee and tea on arrival, lunch, a ceramic of your choice, paint, glazing and firing of the ceramic. You are welcome to take your own wine. To book, call Kat at 078-353-6334 or Sonja at 082-353-9046.

Oppi-Plaas Opelug Avontuurmark word elke Saterdag van 9 vm tot 3 nm by Legends MX, Rhenosterfontein, op die R515 pad gehou. Daar is volop kraampies met hand- en tuisgemaakte goedere, vars gebak, vars groente, vrugte en vleis asook ponieritte, 'n mallemeule, sandkuns, 'n springkussing, klimrame, koskraampies, 'n restaurant, braaigeriewe, piekniekplekke en 'n MX baan vir kinders. Skakel 074-120-0279 of stuur 'n e-pos: oppiplaasboeremark@gmail.com.

Hanzé se mark by Kimiad, Wekkerstraat 125, Moreletapark is op Saterdae van 9 vm tot 2 nm. Dié spys-en-drank mark bied volop kraampies, 'n biertuin, piekniekplekke en 'n speelplek vir kinders met 'n oppasser om na hulle te kyk. Bel Hannie by 066-071-9243 of Riethe by 082-601-6843.

Frank Opperman se toneelstuk, 'Ek wens, ek wens . . .' is van 17 tot 20 Februarie by Atterbury-teater. Die stuk vertel die verhaal van Seb, 'n lykbesorger wat 'n grys, eenvoudige en ongelukkige bestaan lei. Sy lewe is een van roetine en kleinighede tot hy eendag 'n engelagtige seuntjie, Gawie, ontmoet. Die magiese gevolge van dié ontmoeting noop Seb om te vra: As ek net een wens het, waarvoor sal ek wens? Teksverwerking en regie is deur Philip Rademeyer, na die roman deur Zirk van den Berg. Jeanne Steenkamp is die verhoogbestuurder en die stuk is vervaardig deur Alexa Strachan en Anna Davel. Kaartjies kos R220. Die teater is in Daventrystraat 4, Lynnwood Manor. Skakel 012-942-5951.

Maak gereed vir 'n Vintage en Wynmark op 19 en 20 Februarie van 9 vm tot 3 nm by Oaklaan 103, Cullinan in die tuine van die historiese huis wat vroeër as 'Oak House' bekend gestaan het. Allerhande oudhede en versamelaarsitems gaan uitgestal word en kaartjies vir die jenewer- of wynproe kos R80 en as jy albei wil proe, kos dit R150. Piekniekmandjies of 'n kaasbord kan bespreek word. Toegangskaartjies kos R20 en sluit 'n toer deur die McHardy Huismuseum in. Vir meer inligting stuur 'n WhatsApp: 071-154-2401 of e-pos: maudiesmit@gmail.com.

BusStop7 is 'n opelugmark wat elke Saterdag van 8 vm tot 4 nm en elke Sondag van 9 vm tot 3 nm op die hoek van Duiker- en Foxtrotstrate, Mooikloof Heights gehou word. Daar is meer as 150 kraampies, wat 'n verskeidenheid etes, organiese vrugte en groente, kaas, vryloop eiers, rou heuning, vleis, tuisgebakte brood en ander gebak bied. Besoekers kan ook uitsien na kuns- en handwerk-kraampies en volop vermaak vir kinders. Besoek www.busstop7.co.za of stuur 'n e-pos: admin@busstop7.co.za.

Valentynsdag sorg oor eeue heen vir vreemde gebruike

Oor die eeue heen het 'n hele klomp vreemdsoortige gebruike, wat die liefde op Valentynsdag, 14 Februarie vier, in verskillende wêrelddele posgevat. In sommige Europese lande het 'n jonkman 'n kledingstuk aan sy geliefde geskenk. As sy dit aantrek beteken dit sy sal met hom trou. In die Middeleeue was dit die gebruik om name uit 'n hoed te trek. As die naam van die jong man of meisie wat jy trek jou geval, dan dra jy dit letterlik op jou mou vir 'n week.
'n Bygeloof uit Brittanje lui dat 'n jong meisie wat op Valentynsdag 'n wipstertjie (een van die groep voëls wat in Engels 'robins' heet) sien vlieg, met 'n matroos sal trou.

'n Valentynskaartjie uit die Victoriaanse era in die Londense Museum

Die heilige Valentyn van Terni en sy dissipels hou toesig oor die konstruksie van sy basilika in Terni. Die afbeelding is uit 'n 14e eeuse Franse manuskrip

As die eerste voëltjie wat sy op dié dag sien 'n mossie is, sal sy met 'n arm man trou en vreeslik gelukkig wees. As haar Valentynsvoëltjie 'n vink is, sal sy met 'n baie ryk man trou. Dit sê nie of sy ook baie gelukkig sal wees nie.
Die datum van die heidendaagse Valentynsdag het glo iets te doen met 'n argaïese vrugbaarheidsfees, Luperkalieë, wat jaarliks van 13 tot 15 Februarie in antieke Rome gehou is. Die kuise opposisie-fees, wat ook jaarliks op presies dieselfde datums gehou is, was bekend as 'Juno Februa' – wat "Juno die reiniger" of "die sedelike Juno" beteken. Pous Gelasius I (492 – 496 nC) het Luperkalieë afgeskaf. Dit is dié einste pous wat die heilige Valentynsdag in 496 nC ingestel het.

'n Handgeskrewe gedig, 'Aan Susanna', gedateer Valentynsdag 1850, Cork Ierland

Die heilige Valentyn doop die heilige Lucialla, deur Jacopo Bassano

Die eerste voorstelling van 'n heilige Valentyn het in die 'Neurenberg Kroniek' van 1493 verskyn. Die teks vertel dat hy tereggestel is omdat hy Christene gehelp het. Hy is blykbaar met knuppels geslaan en gestenig, maar het die proses oorleef. Hy is daarna by die hek van die 'Via Flaminia' onthoof.
Pous Paul VI het die heilige Valentynsdag in 1969 van die Algemene Romeinse Kalender verwyder, omdat daar nie veel oor Valentyn bekend was nie, behalwe dat hy by die 'Via Flaminia' begrawe is.
Eintlik was daar verskeie Christenmartelaars wat die naam Valentyn gedra het. Net twee van hulle is glo deur die heilige Valentynsdag vereer: Valentyn van Rome is die Romeinse priester wat in 269 nC gemartel is en by die 'Via Flaminia' begrawe is. Sy godsdiensrelieke is by die Kerk van die Heilige Praxed in Rome en by die Whitefriarstraat Karmeliete Kerk in Dublin, Ierland.
Valentyn van Terni het in 197 nC die biskop van Interamna (die huidige Terni in Italië) geword en was 'n slagoffer van die marteltog aangevoer deur keiser Aurelianus. Hy is ook by die 'Via Flaminia' begrawe, maar op ander 'n plek as Valentyn van Rome. Sy godsdiensrelieke is by die Basilika van die Heilige Valentyn in Terni.

'n Advertensie vir Prang se Valentynskaartjies in 1883
Foto's: Wikipedia



Valentyn, die priester van Rome, word vereer by die Whitefriarstraat Karmeliete Kerk in Dublin, Ierland

Die fees van Luperkalieë in Rome, waar mense soos honde, bokke, Cupido en personifikasies van vrugbaarheid aangetrek het. Die skets is deur Adam Elsheimer

Die legende lui dat Valentyn, die priester van Rome, vervolg en persoonlik ondervra is deur die Romeinse keiser, Claudius II. Claudius was beïndruk met Valentyn en het probeer om hom te oortuig om die Romeinse heidendom te aanvaar om sy lewe te red.
Valentyn het geweier en het probeer om Claudius tot Christendom te bekeer. Daarvoor is hy tot dood veroordeel. Voor sy teregstelling het Valentyn glo 'n wonderwerk uitgevoer deur sy tronkbewaarder se blinde dogter te genees.
Die bron waarin dié storie verskyn, die vroeë Middeleeuse 'Legenda Aurea', verwys glad nie na die gewilde legende oor soldate nie.
Volgens dié legende wou keiser Claudius 'n sterker weermag hê en het besluit om trou te verbied.
Want, het hy gereken, sonder 'n vrou sal 'n man makliker 'n soldaat word. Valentyn het die verbod op troues verontagsaam en voortgegaan om verliefde paartjie in die eg te verbind.
Dan loop daar nog 'n legende, wat nie elders as by 'American Greetings by History.com' bevestig kan word nie, dat Valentyn die nag voor hy tereggestel is 'n 'Valentynskaartjie' geskryf het aan 'n jong meisie, wat as sy geliefde geadresseer word. Die kaartjie lui glo, "Van jou Valentyn" en die meisie was glo die tronkbewaarder se dogter, wat hy genees het.

'n Valentynskaartjie uit 1909

Nanki troos met houers vol hoop

Nanki Robbertse van Pretoria het besluit om haar heel pynlikste ervaring te gebruik om HopeBox, 'n uitreikprojek, op die been te bring.

Bykans ses jaar gelede het sy haar seuntjie, Kaleb, op 39 weke van swangerskap verloor. Sy vertel dat dit op die Dinsdagaand, 5 April 2016, was toe sy besef het dat sy Kaleb die hele dag nog nie voel beweeg het nie.

Sy het dadelik aangevoel dat iets fout was en dat sy te laat was. By die hospitaal is haar grootste vrees bevestig – daar was geen hartklop nie. Sy moes die volgende dag 'n keisersnit kry en het gekies om wakker te wees vir dié hartseer ervaring. Die dokter het haar vertel dat Kaleb se naelstring 'n stywe knoop in gehad het en dat dit sy dood veroorsaak het.

Twee maande daarna het Nanki haar pa aan kanker afgestaan. Dit was haar hartewens dat haar pa daar moes wees as Kaleb gebore word en sy troos haar daaraan dat dié twee mekaar in die hemel ontmoet het.

Vandag pak Nanki bokse van hoop vir ouers wat 'n miskraam of doodgebore babatjie gehad het. Sy sê dat dit baie eenvoudig klink, maar mense besef nie dat so 'n vrou nodig het om aan iets vas te hou wanneer sy sonder haar baba uit die hospitaal stap nie.

Sy wil elke treurende ouer graag help met die hulpbronne wat vir haar vertroosting gebring het.

Binne-in elkeen van Nanki se bokse kan jy tipies die volgende vind: 'n Gegeurde kers, handgemaakte seep, 'n bad-bederfie, 'n soetdingetjie, lipsalf, tee of koffie, 'n koffiebeker, 'n Bybelkaartjie, 'n joernaal, 'n 'hemel-pamflet' deur Randy Alcorn en 'n boek oor die rouproses – 'Grieving the child I never knew' deur Kathe Wunnenberg of 'I'll hold you in heaven' deur Jack W Hayford.

Nanki het verlede jaar haar eie boek die lig laat sien, 'Hope after Loss', waar sy haar eie verhaal vertel, raad gee oor hoe om die rouproses te hanteer en raad oor 'n swangerskap ná jou verlies. Daar is ook 'n bydra van 'n sielkundige oor hoe so 'n verlies 'n mens se huwelik kan beïnvloed. Nanki moedig treurende ouers aan om 'n gemeenskap te vind waar verstaan word waardeur hulle gegaan het en wat hulle hoop sal gee.

Nanki Robbertse
Foto's: Verskaf

Een van Nanki se 'bokse van hoop'

Vrag gesteelde koperkabels gekry

Koperkabels met 'n straatwaarde van amper R1 miljoen, wat onder skrootmateriaal op 'n vragmotor versteek was, het die vinger gewys na 'n skrootwerf op Cullinan.

Die Tshwane-metropolisie het op 17 Desember met 'n patrollie langs die R513 'n verdagte vragmotor met drie mans in voorgekeer en deursoek. Woordvoerder van die Tshwane-metropolisie, senior supt Isaac Mahamba, het gesê dat die beamptes sakke vol vermoedelik gesteelde koperkabels gevind het. Die bestuurder en twee insittendes kon nie sê waar die kabels vandaan kom nie en het net gesê dat hulle dit na 'n groot skrootwerf tussen die plotte neem.

Met verdere ondervraging het die verdagtes erken dat hulle van 'n skrootwerf op Cullinan kom, waar hulle die kabels by die mense gekoop het wat dit daarheen geneem het. Die drie verdagtes is in hegtenis geneem.

Mahamba het in Desember gesê dat dié kabels nagegaan word om te bepaal of dit verband hou met bestaande diefstalsindikate wat ondersoek word.

Die koperkabels het 'n straatwaarde van amper R1 miljoen en is onder skrootmetaal op 'n vragmotor versteek *Foto: Verskaf*

C5 SOLUTIONS
Technical Security Specialists
Visit our shop
082 937 6058
E-mail: md@c5s.co.za
Silver Well Office Park
27 Graham Road
Silverlakes

Security Alarm Systems

ONE SOLUTION - ONE APPLICATION Peace of mind

- Alarm Systems
- Wireless
- App Applications
- Indoor Protection
- Outdoor Detection
- Robust
- Weather Resistant

Hikvision Ezviz EzWireless

- 4 x 1080p FHD WiFi Camera
- 1 x 8 Channel Wireless NVR
- 4 x Power Extension Cord (18m)
- 1 x Ethernet Cable (2m)
- 1 x HDMI Cable (2m)
- 1 x 1TB Hard Disc Drive (installed)
- 1 x Quick Start Guide

Alarm Systems
Electric Fencing
Gate Motors
Inverters
Fencing
Batteries
Remotes
Computers
UPS's
Wireless Equipment
Solar
Two Way Radios

WE SPECIALISE IN

Access Control Systems
- Biometrics
- Cards and Tags
- Turnstiles
- Vehicle Barriers
- Multi LAN Systems
- Guard Tour
- Vending Control
- Fibre Systems
- ID Cards

Alarm Systems
- Multi Partition
- Various Panels
- Perimeter Beams
- Stack Beams

General
- Gates & Automation
- Metal works

CCTV Systems
- Videofied
- Analogue
- Digital
- Ip Systems
- Thermal Systems
- Wireless Systems

Intercom Systems
- Complex Systems
- Video & App Based

Electric Fencing
- Commercial & Industrial
- Wall Top to Full Height

Roller Shutters
- Manual
- Automation

082 937 6058

• MAGNUM POWER • MAGNUM POWER • MAGNUM POWER • MAGNUM POWER • MAGNUM POWER • MAGNUM POWER •

MAGNUM POWER™
011 422 6354
072 847 0978
95 Ampthill Ave
Benoni
HIGH QUALITY - AFFORDABLE - DEPENDABLE
www.magnumpower.co.za

POWER SPRAYER / FIRE FIGHTER COMBO

Accessories include:
- 1 x Hose reel
- 1 x Spray lance
- 1 x Swivel fitting
- Suction & return hose
- 20 metres high pressure hose

TANK COMBO – R9 950 Pump unit & accessories + 600 litre tank
Power sprayer (only) – R6 000

Standard water pumps

Petrol
1" R2 200
2" R2 895
3" R3 100
4" R7 035
2" High pressure 2 stage pumps 8.2 bar R4 695
2" High pressure 5 bar R4 175
Chemical pump R4 950
Pedestal pulley pumps (SU50, SU80, SU100) From R1 450

Diesel
2" R7 150
3" R8 360
4" R9 780
3" High pressure/ 8 bar R11 950
3" Trash pumps (Petrol) R4 995

Petrol + diesel engines

Petrol
RECOIL
7HP R2 195
13HP R4 700
16HP R4 950
REDUCTION
7HP R2 799
9HP
ELECTRIC
7HP R2 995
16HP

Diesel
RECOIL
5HP R5 275
6HP R5 895
9HP R6 675
10HP R6 990
ELECTRIC
10HP R8 525
12HP R9 795

Solar + borehole pumps

220V
0.37 kW 30m cable R2 850
0.55 kW 40m cable R3 035
0.75 kW 50m cable R3 620
1.1 kW 60m cable R4 700
Kit 1 – 1 x solar panel, 50m cable, digital control box – R9 350
Kit 2 – 4 x solar panels, 80m cable, digital control box – R14 300
Kit 3 – 8 x solar panels, 65m cable, digital control box – R24 500
1.1 KW STAINLESS STEEL BOOSTER PUMP WITH AUTOMATIC PRESSURE CONTROLLER
Pool pumps
0.55 kW R1 380
1.2 kW R2 300
Jet booster pump
0.75 kW R1 850
SPECIAL!!! R1 999.00

Lawnmower engines
V150 with electric start – R8 575

Diesel generators from R14 600.00

Generators

Petrol generators
2.8kva – R4 995
6.5kva – R10 600

Woodchippers
7HP Petrol engine
R17 995

2 Stroke garden equipment
Augers 52cc/200mm Drill bit included R3 495
Brush cutters 43cc R2 350
Chainsaws 43cc R2 300
Mini tiller R3 995

Pelletizers
HT150 + HT200 From R16 995

4 Stroke equipment
Compactors C120 – R11 110
Rammers – Petrol & diesel – R21 945
Petrol & diesel cultivators/tillers From R11 950

ALL PRICES ARE VAT INCLUSIVE
FULL SPARES BACKUP & SUPPORT
Pictures are for illustrative purposes only. Actual products may differ. E&OE.

• www.magnumpower.co.za • www.magnumpower.co.za • www.magnumpower.co.za •

Hout is klassiek, maar . . .

FD Wood Maintenance spesialiseer in die herstel en behandeling van houtvensters, -deure en -rame.

Houtvensters, deure en rame kan baie waarde en warmte toevoeg tot u eiendom, mits dit reg en gereeld behandel word. Voorkoming is beter as heling is waarlik van toepassing as dit by hierdie items kom. Hout is 'n lewendige produk, en om maksimum lewensduur te kan verseker moet 'n voggehalte van ongeveer 12% voortdurend gehandhaaf word.

Ons was vir byna 35 jaar betrokke by die verspreiding en vervaardiging van hierdie items met die herstelwerk en behandeling daarvan steeds ons spesialisveld. Aldus is ons deeglik bewus van die probleme waarmee huiseienaars sit, onder andere, as gevolg van gebrek aan kennis deur sommige kontrakteurs in hierdie gespesialiseerde veld. Verkeerde produkte soos vernis word byvoorbeeld aangewend. Hout beweeg soos seisoene verander wat uitsetting- en inkrimping meebring. Dit het tot gevolg dat vernis begin afdop.

Hierdie afskilfering bring mee dat die delikate interne voggehalte versteur word. Alleenlik penetrerende oliebasisprodukte moet gebruik word. Met al die wonderlike behandelingsformules deesdae op die mark is die dae van Roulynolie ook verby. Waak egter teen te donker getinte produkte wat onnodig hitte aantrek. Die afskuur van items kan katastrofiese gevolge inhou en word vir verskeie redes nie aanbeveel nie.

Sodra 'n grys/swart kleur op die oppervlak (veral aan die onderkante) begin sigbaar raak, dui dit die begin van 'n verrottingsproses aan. Dit verg onmiddelike aandag om skade te beperk.

Dit is van uiterste belang dat wanneer deure, skuifdeure en opvouskuifdeure behandel word, dit uitmekaar/afgehaal word sodat die onder- en bokante geseël kan word ten einde vogpenetrasie te beperk. Ons vervang gereeld die onderste dele (sill) waarop die spore aangebring is van skuif en opvouskuifdeure wat verrot het aangesien dit aansienlik goedkoper is as om die hele deur te vervang. In die proses word byvoorbeeld waterafvoerkanale aangebring/hersien, die hout soms 'n paar millimeter bokant die vloeroppervlak gelig, orals geseël om die penetrasie van vog tee te werk ens.

Afgesien van behandeling moet alle items eers vooraf nagesien en herstel word. Sodra 'n venster byvoorbeeld effens vashaak en aldus nie behoorlik toemaak nie, sal dit mettertyd begin skeeftrek wat waterlekkasies meebring.

Laat u probleme oor aan ons en skakel 082 440 0676 vir 'n gratis kwotasie of stuur 'n e-pos na tjaart@fdmaintenance.co.za

Bronkie se dam loop oor

Die Bronkhorstspruitdam loop oor. Karen Yssel, voorsitter van die Cullinanse Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) het op 7 Januarie 'n vloedwaarskuwing, soos ontvang van die Bronkhorstspruitse AfriForum-tak, uitgestuur.

Boere en ander inwoners langs die rivier is gevra om die gebied te ontruim en na hoër liggende dele te vertrek sodat hulle nie deur die vloedwater vasgekeer word nie.

Boere is gevra om pompe uit die rivier te verwyder en om diere ook na hoër-liggende gebiede te ontruim.

Verskeie inwoners van die omgewing het daardie dag gaan kyk hoe die dam oorloop, video opnames is gemaak en inwoners soos Francois Fafa Pretorius sê dat die toneel iets besonders was. Dit was te siene vanaf Aqua Vista-landgoed.

Volgens Riamar Park-sekerheidsfirma was die Bronkhorstspruitdam op 7 Januarie 106% vol en die rivier het teen 20 kubieke meter per sekonde gevloei.

Dié foto deur Liza Labuschagne wys hoe die Bronkhorstspruitdam op 7 Januarie oorloop

Op plekke was die setperke by die Bronkhorstspruit-gholfbaan op 7 Januarie geheel onder water en het net die punte van die setperkvlaggies uitgesteek
Foto: Laurika van der Linde

Dankie aan mense vol simpatie en meegevoel

Wynand van der Merwe van die Boschkopse SAPD

Aan dr Janes van Zwavelpoort, sy mede-veeartse, die ontvangsdames en ook die skoonmakers – Dankie.

Vroeg in Desember word my hondekind siek. Hy is al oud, "Madala" grys op die snoet, maar nog op en wakker. Dr Janes kyk en kry kanker, lelike kanker, maar daar word nie moed opgegee nie en hy kry medisyne voor 'n operasie gedoen kan word.

'n Dag gaan verby en hy word net slegter. Ek en vrou moet 'n besluit maak. Ons kan nie dat hy verder ly nie. Die huis is stil die aand, almal in hulle eie gedagtes. Ek onthou hoe ek nog met sy geboorte die sakkie gebreek het sodat hy sy eerste asem kon kry en aan al die jare se genot wat hy my verskaf het.

Die volgende dag gaan praat ek met dr Janes. Ons het besluit om hom die naweek te hou en te bederf, totsiens te sê. Dr sê dis reg: Voer hom "steak", voer hom hoender, net waarvan hy hou en sien my dan Maandag. Al wat hy die dag wil eet is biltong en rooiworsies. Die aand gaan hy baie gou agteruit en ek weet, Maandag gaan hy nie haal nie.

Vroeg die volgende oggend sit ek hom in die kar en ry veearts toe. Trane vlak in my oë. Ek stop en stap in na ontvangs. Dit moes in my oë gewys het. Die ontvangsdames, sonder om baie vrae te vra, sê: Bring hom in.

Een van hulle steek 'n kers aan op 'n klein gedenksteen vir oorlede troeteldiere. Die gebaar is te veel vir my. Ek kan nie meer die trane keer nie. Ek draai om en gaan haal hom vir sy laaste lopie.

Omdat hy seer het, probeer ek hom die "ramp" laat loop. Hy steek vas en gee my 'n kyk! Op met die hoë trappe dan; hy is immers 'n Pitbull.

Ek word na die ondersoekkamer geneem waar ek 'n vroulike dokter en haar span kry.

Ek word gevra of ek by wil wees en of ek al ooit by was met so iets. Alles word mooi aan my verduidelik met baie empatie.

Ice

Die tyd breek aan en ek hou my hondekind styf vas. Die dokter begin die inspuiting gee en in 'n oogwink voel ek die sterk brawe hart vir altyd stil word onder my hand. Ek huil en praat mooi met hom; sê ek is jammer.

Toe ek opkyk sien ek dat die dokter en haar span stil uitgeglip het om my kans te gee vir my emosies. Ná wat soos 'n ewigheid voel, stap ek uit na die ontvangslokaal. Ek word begroet deur gesigte van meegevoel en simpatie.

Een van die ontvangsdames stap terug na die ondersoekkamer en kom na 'n rukkie uit. Ek word 'n kaartjie gegee van meegevoel en 'n pootafdruk van my hondekind. Die vlammetjie op die gedenksteen brand steeds.

Ná 'n oomblik kom 'n werker / skoonmaker uit die ondersoekkamer met my hondekind in 'n liggaamsak. Hy dra hom versigtig en met deernis na my kar toe en sit hom stadig neer op die agtersitplek. Hy draai om en ek sien trane glinster in sy oë. "Sorry, boss," sê hy en loop terug.

Ek klim in my kar en vat my hondekind terug huis toe, waar hy gaan rus. 'n Warboel van gedagtes maal deur my kop.

Wat ek hiermee wil sê is: Dankie julle. Dit was my eerste keer dat ek so iets moes doen en die simpatie, empatie, begrip en professionele diens het dit baie makliker gemaak as wat ek my voorgestel het. Ice rus nou sag en sy geskenk aan my lê soos ek hier skryf op my voete en slaap.

Deur die lens van ons lesers

In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.

Laurika van der Linde het dié uitsonderlike toneel met sonsondergang in die gebied vasgevang

Rita Koster het haar kleindogter, Anja Koster, by die gesin se dam op Bashewa voor die lens gekry

Eus de Clerck het 'n rodeo op Nuwejaarsdag in die omgewing bygewoon. Daar, sê Eus, het hy gesien dat 'n T-been nie altyd stilstaan op sondermeer gebraai te word nie . . .

Louise Marè Pieterse van Mooiplaats het dié laaste sonsondergang van 2021 oor die gebied afgeneem

`Alet Erasmus van Kleinfontein sê die kolganspaar het voor 'n stewige reënbui vlak langs hulle huis kom sit en ewe mak deur die reën daar vertoef

Linda Skarabis het dié flamink by die Pretoriase Dieretuin afgeneem

Leana Reichel het dié treffende foto in Rayton se omgewing uit haar motor geneem

Daar kom selde iemand doer in die hoek van die boonste kamp, sê Buks Barnard oor sy grond op Elandshoek, maar al is daar niemand om hulle te sien en te waardeer nie, lyk hierdie wilde blommetjies so mooi as wat hulle kan

Dié swartkeel-geelvink, wat deur Albert Bester afgeneem is, wys presies hoe oordadig geel kan wees

Skapie, die hans huishennetjie van Buks Barnard van Elandshoek, se kroos word groot en is al amper ewe hans. Hier deel Krisjan, Buks se kleinseun, 'n beskuitjie met Lammetjie terwyl moeder Skapie toekyk

Daleen Small van Tweedracht se bokkinders baljaar vir oulaas voor die son ondergaan

Poumannetjies pronk met hulle pragtige kleure op 'n hoewe buite Cullinan
Foto: Linda Skarabis

Leonie Gunter Kraft meen dié ry bome op Boschkop lyk of hulle netjies in gelid voor die indrukwekkende wolkformasie plek ingeneem het

'n Sebra geniet die oggendson op Kleinfontein
Foto: Linda Skarabis

Die trotse mamma voer een van haar kuikens. Fotograaf Jana Du Plessis van Garsfontein sê dat dié mamma twee babas in die nessie het

Dié donker reënwolk het 'n venstertjie oopgemaak vir die son om vlugtig oë te wys.
Marinda Smal het dit afgeneem

Min onthou dorpie se swem-ster

Deur wyle Hannes Engelbrecht

Terwyl almal nog juig oor Tatyana Schoenmaker se wêreldrekord en goue medalje by die Olimpiese Spele, onthou sommiges nog Penny Heyns, asook Rhoda Rennie, Frederica van der Goes, Mary Bedford en Kathleen Russell se bronsmedalje in die vryslag in Amsterdam in 1928; of Joan Harrison se goud in die rugslag in Helsinki in 1952.
Maar die Moeder van ons swemmers was die skaam Jenny (Genoveva) Maakal van Rayton – destyds 'n vaal dorpie waar niemand 'n swemkampioen sou verwag nie, behalwe miskien in 'n sementdam!
Jenny is gebore op 2 Augustus 1913 en in 1932 bevind sy haar in die Springbokspan by die Olimpiese Spele in Los Angeles. Die 18-jarige swem 'n bronsmedalje los in die 400 m vryslag. Die goue medalje was aan wêreldkampioen, Helene Madison van die VSA.
Met die skeepsreis terug na Suid-Afrika raak Jenny al meer teruggetrokke.
Uiteindelik trek die twee boksers, Laurie Stevens en Dave Carstens, dit uit haar: Sy het gehoop op silwer of goud, want haar weduwee-ma (Elizabeth de Vries Maakal) het 'n verband uitgeneem op die Raytonhuis om haar kostes na die Spele te betaal. Carstens en Stevens is professionele kontrakte aangebied tydens die Spele en hulle bied aan om die verband af te betaal uit hulle beroepsgevegte!

Jenny Maakal

Jenny sit regs op die groepfoto saam met die twee Amerikaners wat goud en silwer gewen het
Foto's: Verskaf

In 1936 is Jenny getroud met Ernest Thomas, 'n weermaglid van Ermelo, en die egpaar het vier kinders gehad. Sy is op 15 September 2002 oorlede in Durban op die ouderdom van 89.

Rayton-tak vat hande met gemeenskap

Te midde van die Covid-19 pandemie is 'n nuwe Solidariteit Helpende Hand Rayton-tak op 8 Desember 2020 gestig. Voorsitter van dié tak, Marina Greyvenstein, vertel van die talle opheffingsprojekte wat hulle die afgelope jaar in die gemeenskap gedoen het.
Hulle het deelgeneem aan die HelpHetta-projek, waar 3 000 meisies op nasionale vlak kwartaalliks bygestaan word met sanitêre ware. Die Rayton-tak het 99 pakkies sanitêre ware ingesamel wat binne gemeenskappe versprei is.
In 'n ander projek is hande gevat met die Christelike Maatskaplike Raad (CMR) op Cullinan en 10 gesinne is geïdentifiseer, wat in die Rayton NG Kerk se kombuis en kerksaal, sopmengsels gekry het en geleer is hoe om die sop te kook.
Die Rayton-tak het 'n breimasjien ontvang, wat vir 'n werkskeppingsprojek beskikbaar gestel is. Indien jy oortollige wol het, skenk dit gerus aan die tak en bemagtig so 'n vrou in haar poging om die pot aan die kook te hou.
Die tak se groentetuin-projek gaan hierdie jaar begin vorm aanneem om nog werksgeleenthede skep.
Om 'n oog te hou oor die projekte, besoek gerus die tak se Facebook-blad: Solidariteit Helpende Hand Rayton-tak. Vir meer inligting oor nasionale projekte, besoek www.helpendehand.co.za of bel Marina by 082-565-3363 om deel te word van die Rayton-tak.

Takvoorsitter, Marina Greyvenstein, in die middel, saam met Irene en Jan Groenewald

Bakoortjies mik toenemend na ons gebied

Dit lyk asof die bakoorjakkals, of draaijakkals, onlangs sy gebied meer begin uitbrei het na Gauteng. Dié diertjie, wat eintlik glad nie 'n jakkals is nie, se verspreiding val saam met dié van sy stapelvoedsel, grasdraertermiete.
So sê Ruan de Bruin in die navorsing vir sy doktorsgraad oor die bakoorjakkals, wat hom onder meer vir bykans 'n jaar in die veld laat deurbring het, waar hy hulle mis versamel het en hulle optrede bestudeer het.
Terloops, die bakoorjakkals is die enigste een in die Canidae-familie, wat honde, wolwe en jakkalse insluit, wat amper uitsluitlik een insekspesie vreet. Geen ander wilde hond leef op so 'n vreemde, bykans vleislose, insek-belaaide dieet nie.

'n Jongeling steek sy kop by die skuiling uit
Foto: sandiegozoo.org

By gebrek aan sy gunsteling grasdraertermiete, sal dié outjie ook miskruiers, ander insekte, geleedpotiges en soms voëleiers, voëltjies, knaagdiere en wilde vrugte vreet. 'n Bakoorjakkals se gebit lyk egter baie meer na dié van 'n insekvreter as dié van 'n roofdier. Hy het tussen 40 en 48 relatief klein tandjies, wat nie eintlik vleis kan sny nie, maar ideaal is om termiete mee vas te gryp.
Die teenwoordigheid van bakoorjakkalse is eintlik baie goeie nuus vir boere omdat hulle help om grasdraertermiete, wat 'n oes kan vernietig, se getalle onder beheer te bring. Hulle kom meestal in droë streke voor en is grootliks snags aktief, wanneer die termiete aan die beweeg is.
Die bakoorjakkals, *Otocyon megalotis*, is die enigste spesie in die genus *Otocyon*. Weens sy gebit word dié outjies soms ook as 'n selfstandige subfamilie beskou (*Otocyoninae*). Daar is drie subspesies, waarvan slegs een in ons land voorkom: *Otocyon megalotis megalotis*, wat ook in Zambië, Botswana en Namibië voorkom. Die ander twee subspesies is *Otocyon megalotis virgatus* in Tanzanië en Kenia en *Otocyon megalotis canescens* in Ethiopië en Somalië.
Die term 'Otocyon' is afgelei van die Griekse woord 'otus', wat 'oor' beteken, en 'cyon' vir 'hond. Sy Afrikaanse naam, bakoorjakkals, kom dus van sy bykans komiese groot ore, wat ongeveer 13 cm lank en goed ontwikkel is om by 'n woestynklimaat aan te pas. Die oppervlak van die ore is goed beaar en bevorder die verwerking van oortollige hitte. Dié groot ore, wat binne-in wit is, word ook gebruik om te jag – bakoorjakkalse word as 'akoestiese jagters' beskou, wat letterlik luister na prooi.

Die kleintjies
Foto: sandiegozoo.org

Dié diertjie word ook 'n draaijakkals genoem na aanleiding van sy ontsnappingstegniek as daar op hom jag gemaak word. Hy sal verskeie kere op sy eie spore omdraai, wat selfs ervare spoorsnyers en snuffelhonde fnuik.
Bakoorjakkalse het 'n grysbruin

'n Bakoorjakkals met sy oordadige, half komiese ore
Foto: Wikipedia

pels en 'n gemiddelde volwassene weeg 5 kg, met 'n lengte van 80 cm en 'n hoogte van 35 cm. Hulle woon alleen, in pare (met hulle kleintjies) of selfs in klein groepe.
Die wyfie is vir drie maande dragtig en drie tot vyf kleintjies word gebore.
Anders as ander hondespesies, is dit grootliks die mannetjie wat die kleintjies grootmaak, terwyl hulle vir 14 tot 15 weke lank aan die wyfie drink. Hy beskerm hulle, maak hulle skoon en speel met hulle wanneer die wyfie gaan jag.
Dit is dan ook die mannetjie wat die kleintjies voer deur voedsel op te bring en wat hulle vir die eerste keer op 'n termiet-jagtog uitvat, soms as hulle maar slegs vier weke oud is. Ná hulle gespeen is, sal albei ouers saam met hulle gaan jag.

Sir Thomas in 'n heel nuwe en vreemde baadjie getooi

Vreethans van Heerden en Metgesel besoek kuierplekke in die Bronberg-gebied ongenooid en betaal self vir dit wat hulle geniet, of dalk nie geniet nie.

Met 'n vorige kuierdraai, sien ons dit woel daar waar die groot en gewilde Sir Thomas Cullinan-restaurant eens lank gelede trots en statig op sy naamgenoot-dorp gestaan het. Later is die plek verklein, verander en herdoop na 'Villagers' voor die nuwe span nou op hulle beurt oorgeneem het.
Dié nuwe eienaars het duidelik baie moeite gedoen om die plek op te knap en ruimte vir meer sitvlakke te maak. Die naam wat vir die nuwe, ou plek gekies is, vind ek eers effe vreemd en half teenstrydig: Sir Thomas Bar Grizzly, heet dit, en daarby 'Local Pub & Restaurant.'
Byna besluit ek om verby te hou, want dit wil my klink of hier meer op die te-drinke (niks daarteen nie) en die land se moderne stapelvoedsel, pizza en burger, gekonsentreer sal word. Ook glad nie iets daarteen nie, maar vandag voel ek en Metgesel na 'n iets anders as die stapel.
'n Vriend verder afdraand met Oaklaan af, wil ons toe te vertel dat die ou wat die "grizzly" Sir Thomas oopgemaak het, die einste een is wat die Sinkhuis in die Moot bedryf en my smaakore staan op spits. Want by einste Moot-plek het ons in die verlede baie bevredigend gekuier en gesmul.
Ons beweeg Grizzly-waarts.
Parkeerplek is volop.

Voor die ingang na die opgeknapte binnekroeg, is dié tydelike bedieningsplek blykbaar vir spesiale geleenthede tot stilstand gebring

Iemand deel eindelik my begrip van hoe 'n medium-na-rou-kruisskyf moet lyk en smaak

Duidelik verwag dié plek baie 'baaikers', want oral teen pale en bome is hangplek vir leerbaadjie en valhelm vir die motorfietsbere voorsien. Op dié mooi Sondag deel vier of vyf die ruim buite-kuierplek met ons.
Die regte bier wat ek bestel en Metgesel se suurbier, wat so droog is, dog kan jy dit drink, is in 'n japtrap by ons en dit is yskoud – soos dit hoort.
Die spyskaart (voorlopige een, dan) bied vier ontbyt-keuses en dadelik sien ek beloftes van disse deuskant die stapel wat metterwoon vorentoe kan volg. Die standaard Engelse ontbyt noem hulle die 'Grizzly' en dit kos R50. Die ontbyt vir hongerder bere (of is dit vir grys-baarde?) noem hulle die Bosveld Ontbyt en net hier stal die kaart amper sy tweetaligheid ten toon: Pap en mielies, 200 g bief pattie, kaas, eier en kaiings. Dit kos R90.
Verder wil ek nie veel oor die spyskaart kwytraak nie, met dié dat dit glo net 'n tydelike een is.
Verskeidenheid is wel teenwoordig met die gewone stapels van burgers en pizzas, roosterbroodjies, voorgeregte soos hoenderlewers en slakke en deelmandjies met verskillende versnaperinge.
Draai jy dit om, hef die kaart aan met 'n paar verbuigings van biefstuk (steak) en dis hier waar ek voet by biefstuk hou dat ek darem baie lanklaas 'n goeie snit kruisskyf ingewerk het. Ek bestel die 'mansgrootte' van 350 g wat glo lui verouderd is en met 'n spesiale braaisous voorgesit word.
Ek bestel my lui, ou kruisskyf 'medium tot rou asseblief" en ek hoop vir die beste. Dit kos R125. Jy kan ook 'n T-been van 500 g teen effe meer of 'n kleiner kruisskyf of lendeskyf teen heelwat minder kies.
Stokvis of calamari (tjokka) is die viskeuses en Metgesel onthou amper nie meer wanneer laas sy inkvis geniet het nie en bestel dit saam met groente en rys. Die rys het nie opgedaag nie, maar die calamari was lekkerder as wat sy kon onthou die gereg lankal was. Perfek in dik ringe, is die buis van die tjokka gesny en baie sag op die kouspiere (dit is 'n kuns) in die braaioond voorberei en met 'n tartar-sous voorgesit. Dit kos (sonder die groente van spinasie en pampoen) R92.
Verdere keuses aan hierdie kant van die kaart, sluit 'ligte etes' soos pap en boerewors, 'n Prego broodrolletjie en nog 'n vierstuks geregte, almal teen minder as R100, in. 'n Paar keuses vir die kindertjies, melkskommels en drie soorte nagereg voltooi die saak.
Maar wat verdien vermeld te word, is die bykans volmaakte kruisskyf wat enige kenner, beer of grysbaard, meer as tevrede behoort te stel. Die biefstuk is dik gesny soos dit hoort (wonder wie die slagter is) en iemand in die kombuis deel my begrip van 'medium to rare' tot op 'n druppel – uiteindelik.
Ons wag in spanning vir die nuwe verbeterde spyskaart. Jy kan die mense van Sir Thomas se Grizzly by 012-786-0854 bel vir nadere inligting.

Oral in die ruim buite-kuierplek is hang- en haakplekke vir brulfiets-ruiters se baadjies en valhelms

Dikgesnyde tjokkabuise, murgsag met groente van pampoen en spinasie en afwesige rys

Nuwe aansitplek in die koelte met baie warm sous in die voorgrond

Só word sir Thomas se nuwe aandoenplek beskryf

ExecuCare Services
We offer:
• Frail Care @ home for all ages
• Fully trained carers available
• Fully trained nurses available
• Monthly & Daily rates available
• Affordable prices
Avril Mills
082 333 8544

Bronberg Trailers (PTY) LTD
Rentals & Sales
Eugene
072 551 9140
E-mail:bronbergtrailers@gmail.co.za
Facebook:Bronberg Trailers

GD GRANITE CC
GRAFSTENE/TOMBSTONES
Vervaardigers van hoë kwaliteit grafstene
012 802 0087 / doricia@gdgranite.co.za
Koop direk van die fabriek
Volledige diens: vanaf kwotasies, bewoording en oprigting
Rig orals in Gauteng en omliggende dele op
Onbeperkte letters op grafsteen
DONKERHOEK QUARRIES, PTA-OOS (12km vanaf Hans Strijdom op ou Bronkhorstspruitpad)

JLB GAS INSTALLATIONS
FIRE PLACES • BRAAI • STOVES • HOBS
GAS WATER HEATERS • PLUMBING
JAN-ELLIS 082 739 2548
BRUCE 072 635 8820
jlbgas.installations@gmail.com
We provide a Certificate of Compliance after each installation
Registered LP Gas Installer

alfa waterproofing & paint
WATERPROOFING
DAMP PROOFING
ROOF COATING
WALL COATING
076 490 8296
www.alfawaterproofingandpaint.co.za

ORYX
DIGGING TRENCHES • DIGGING POOLS
DIGGING FOUNDATIONS • STUMP REMOVAL
DEMOLISHING SMALL STRUCTURES
LANDSCAPING WORK • FITS IN SMALL SPACES
Jacques 079 458 4485 / oryxrevamp@gmail.com

Once Upon a Time
BOOKSHOP
Besoek ons in Oaklaan, Cullinan oorkant Harries Pancakes
Wo – So 09:30 - 16:00 / Ma & Di gesluit
Skakel eienaar, Natasha 082 696 0479
WE LOSE OURSELVES IN BOOKS
WE FIND OURSELVES THERE TOO

Kaalfontein 26, tussen Rayton en ou Bronkhorstspruit-pad
DU PLOOY MELKERY
Jou uitspan-, ontspan-, koop- en kuierplek op die plaas!
Die Pienk Koei Teetuin
Lekker ligte etes, verversings en versnaperinge
Lekker vars plaasprodukte
• Melk • Botter • Jogurt • Kaas • Halloumi Kaas • Feta • Roomys
• Gevriesde Jogurt • Soft Serve • Plaaseiers • Tuisgebak
• Tuisgemaakte Pasteie • Konfyte • Vars Groente & Vrugte
• Ingelegde Produkte • Rou Heuning • Verpakte vleis • Vleispasteie
Skoon kraalmis beskikbaar
Bankkaart-geriewe beskikbaar
Bring die kinders ... ervaar die plaas!
Hannelie 083 399 6497 / 012 736 2145 / albie@nes.co.za
Weeksdae & Saterdae: 6vm - 6nm | Sondae: Gesluit

Some thoughts for the new year

Dr Liesel van der Merwe is a small animal medicine specialist. Send her your questions: info@bronberger.co.za.

The other day I saw New Year's resolutions described, probably realistically, as a "to do" list for the first week of January. Let's face it, we are unlikely to change habits of old unless there is really a good negative or positive incentive, but let's try a few on behalf of our pets.

Mine are snoring in the bedroom as I write this. I am sure that many of us, not just those who are die-hard dog and cat lovers, came to realise the value our pets have for our wellbeing. Over the past two years with Covid lockdowns, self-isolation, getting Covid and the stress of an extra work load, my animals have really helped me keep my sanity.

They bring together the perfect combination of loyalty and companionship without strings, goofiness and silly play and also the feeling of personal safety when you have your dogs with you – be it at home or on a trip. All you have to do is . . . well, a whole lot of stuff. You have to feed them, house them, keep them healthy, pick up poop and love them back. Let's begin 2022 by making some healthy choices for your pets.

Looking after your pets to the best of your financial ability is one of those responsibilities and it's not a one size fits all approach.

Parasite control is vital, especially on the outlying suburbs where ticks are prevalent. There are a range of products to do the job: The more expensive ones being convenient and lasting longer; the less expensive ones are no less effective, but require a little more effort and frequent application.

Buy the best food you can afford. Don't judge supermarket brands against premium brands in a cost per kilogram manner. Expensive food often lasts longer as the dog or cat needs to eat less of it.

So, compare products by calculating the cost per day to feed. Balance this against the amount of poop you need to collect. Expensive food is more digestible, so less leaves by the back end and what does is generally of a firmer consistency, which is a distinct advantage in a smaller property or if you have a weak stomach.

From a health perspective and as a veterinarian I want to advise that instead of avoiding things you notice are wrong, rather have them attended to earlier. Wanting to stick your head into the sand is a natural reflex – what I don't see can't hurt me. Even I do it when I notice something is not right with one of my pets.

One just doesn't want to have to deal with what it might all be – either you're stressed or too busy or don't want to imagine anything too serious or too expensive. But, delaying these things often means that by the time you do visit your vet it is too late for effective treatment. Or the treatment is more expensive than it would have been. Rather bite the bullet, visit the vet and get a probable diagnosis. You can then make an informed decision on how you want to proceed further. It may still be a big, serious problem or you may have nipped something in the bud.

Set aside a small health care budget for your pet as an insurance policy, or better yet, take out pet health insurance. There are several offerings available, all underwritten by big insurance firms.

Make sure you read the small print and exclusions. You can get accidental cover only – dog bite wounds, broken bones, foreign bodies, poisonings, laceration, motor vehicle accidents – for less than R100 a month.

Having this financial backup can take a lot of the awful cost-related decision making on treatment options away from you and your veterinarian. This allows us to do what we should be doing – treating animals we can treat – and not euthanizing due to financial constraints.

And finally, the New Year's resolution we all love to hate: Weight control. I leave you with one thought . . . Your pet does not open the fridge or cupboard and pour food into their own bowls.



Bronnie van den Berg

Nuwejaar op Beska was baie groot

Nuwejaar op die platteland was vroeër jare 'n groot geleentheid. Ou Poon onthou boeresports, perdesports en ander sports op plekke soos Opraap in die Wes-Transvaal en Beska in die Bosveld baie goed. Bobaas storieverteller, wyle Hannes Engelbrecht, het dié volgende (ware) storie oor 'n sekere Nuwejaarsdag op Beska vertel. Dit is met dankbare erkenning wat ek Hannes se vertelling deel.

"Ook al 30 jaar dat Beska toe is," sug Skoep en hy huil amper in sy leë glas.

"Blêddie Sodom en Gomorra gewees" sê die fraaie kroegdame, die mooie Sanja, en sy maak die glase vol, want sy sien ons is vol weemoed.

"Ja," seg Dawie; "Toe Antoon Aurora verkoop, toe is Beska toe."

Ons sit soos Job en murmureer en wil ons klere skeur.

Beska was groot. Baie groot. Elke Nuwejaar sak die hele Bosveld, die helfte van Pretoria en al Iscor se êppies daar uit. Dan Pretty Belinda en Obladi Oblada ons twee dae terwyl oom Rooi-Antoon die perde afsit en oom Harry bo in die kraaines sit en die perderenne aankondig: "Boerperd B, vier furlong. Renperde A een myl. Fiel van Staden, daai is g'n Boerperd nie . . ."

En ons jil en koop bier by Kleindaan (nie te verwar met Oomdaan of Daantjie nie). En die klein Petoorse wat later vir die Bulle gespeel het, Piet en Koedoe, loop kaalpoot met kakiebroekies en tel leë koeldrankbotteltjies op.

Vanaand gaan twee, drie manne mekaar m&#r, waarskynlik oor 'n meisie met 'n klokbroek of 'n Mary Quant minirokkie.

Twee dae van Sodom en Gomorra.

"Maar tog so lekker," sê Skoep.

Ons Doppers moes maar ligloop daar anders is die streng kerk op ons. Ons gaan kyk kamtig perdesport, maar hier onderlangs bras ons dat dit bars en verlei die meisies in die dik sand tussen die maroelabome.

Toe, een jaar, was dit mos so reënerig. Almal kom net so lekker in die "mood" en Kleindaan se kroeg kan nie voorbly nie. En wie kom daar aangesit, ewe met dasse en pakke klere? Einste onse Dopperpredikant en drie ouderlinge; ernstig en vermanend op die uitkyk vir afvallige Doppers. Daar iewers anderkant Beska se Kop rammel die weer onheilspellend. Overyssel se kant toe slaan die blitse.

Nou moet jy weet, ons moet almal die "pose" hou want jy kan nie Bacchus wegsteek vir daai Bester-predikant of vir Poliep en die twee ander gepakte ouderlinge nie.

En wragtig! Daar slaan 'n skielike allenige bliksemstraal skielik. Twee perde en hulle oppasser dood!

Net so!

Die predikant en sy drie ouderlinge staan so meewarig (en meerderwaardig) en glimlag toe ons vervaard begin oppak. Met tekens uit die hemel wat spesiaal op versoek van die Doppers plaasvind, speel jy nie.

So met die uitry by die hek gee oom Stefaans Erasmus, hoeka self 'n Dopper, die predikant en ouderlinge so vuil kyk en hy sê: "Bliksottelse ou spoilsports!"

Ag, daai aand toe die reën oorgetrek het, toe is almal weer terug en ons One o'clock, Two o'clock, Rock weer en twee, drie manne takel mekaar met die vuiste toe. *Enkele woorde verander. – Red*

Deconstructing desires

the final word

We're still in the first month of this new journey into the unknown and I want you to know that whatever 2022 brings, we're in it together, girlfriend. We'll figure it out. Does that sound too vague? Would you rather commit to setting specific New Year's resolutions?

Now why does that make my hackles rise? Probably because I abhor the 'shoulds' that go with goal setting. Rather ask yourself what you want and then try to deconstruct the desire. Christy Whitman says that behind every desire is a longing to experience a certain feeling. Say you want to make more money, lose weight, move into a bigger house or meet your soul mate. You'll discover that the underlying reason you want any of these things is because you believe that having them will make you feel a certain way.

Our conscious minds think logically, sequentially and linearly, says Christy. But emotion, not logic, is the force that inspires us. Going beyond what you desire and focusing on why-you-want-it helps you tap the enormous power of your unconscious mind. The deeper answer to why you want a bigger house goes far beyond square footage and has more to do with the emotional payoff you believe you'll receive.

These deeper 'whys' drive our actions, so maybe it's time to see them for what they are. A woman who only goes by the name of dr Aimie (nope, no surname to be found on her website or newsletters) talks about 'extreme ownership'. It starts with extreme awareness – a willingness to look at the hard truth, rather than continue to avoid or distract yourself. You don't have to like what you see; just acknowledge what is.

Dr Aimie says that she has a young part of herself that believes she is undeserving and unlovable. Of course she has a story to go with that. Don't we all? With extreme ownership she had to look at the actions she now takes that reinforce this belief. With her actions, or lack of action, she has actually created situations which confirm that part of her that believes she is undeserving and unlovable.

If that young part of you is not ready to feel deserving and loveable, you take ownership of the fact that you're not ready yet, rather than blaming it on someone or something else. Madisyn Taylor says that being at peace with yourself is not about rejecting or denying any part of yourself. On the contrary, to be at peace you have to be willing to hold yourself, in all your intricacy, in a full embrace that excludes nothing.

Maybe, instead of fighting so hard to get rid of what we deem undesirable, we can shift our perspective to instead look for the hidden potential in everything we judge as objectionable – in your own character as well as in the world around you. That is the only way to discover the hidden potential in every setback.

After all, as Madisyn says, our individual realities are coloured by perception: Despair and delight come from within. Situations we see as 'good' please us while situations we judge as 'bad' cause us no end of grief. If you try to get rid of preconceived notions about what is good and what is bad, you can start appreciating the rich insights hidden in each moment.

"Allow yourself to feel whatever you are feeling," says Jon Kabat-Zinn. "Notice any labels you attach to crying or feeling vulnerable. Let go of the labels. Just feel what you are feeling, all the while cultivating moment-to-moment awareness, riding the waves of 'up' and 'down', 'good' and 'bad', 'weak' and 'strong', until you see that they are all inadequate to fully describe your experience. Be with the experience itself. Trust in your deepest strength of all: to be present, to be wakeful."

"We almost never think of the present, and if we do think of it, it is only to see what light it throws on our plans for the future," says Blaise Pascal. "Thus we never actually live, but hope to live, and since we are always planning how to be happy, it is inevitable that we should never be so."

So, be here now, girlfriend. "You have the power to stop time," says Matt Haig. "You do it by kissing. Or listening to music."



Oornag-VERLIGTING van HARDLYWIGHEID

Progast
NATURAL LAXATIVE

- MAGNESIUM OXIDE
- ALOE FEROX
- CITRUS BIOFLAVONOIDS
- TURMERIC
- APPLE PECTIN
- SENNOSIDES
- DRY RHUBARB

Natuurlike botaniese lakseermiddel

7-dag -detoks

Verligting in 6 - 12 ure

Nou beskikbaar by Takealot, Dis-Chem & uitgesoekte apteke & Clicks-winkels landwyd.

hulplyn 086 111 8272 **progast.global**

Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA geëvalueer vir die kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik daarvan nie.